higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N1140(A)(N23)T

NASIONALE SERTIFIKAAT

MEDIESE PRAKTYK N6

(Eerste Vraestel)

(9090176)

23 November 2018 (X-Vraestel)
09:00–11:00

Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
MEDIESE PRAKYK N6
(Eerste Vraestel)
TYD: 2 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verduidelik die volgende mediese terme:

1.1.1 Lewersirrose

1.1.2 Hemolitiese geelsug

1.1.3 Sistitus

1.1.4 Prolaps

1.1.5 Miksedeem

1.1.6 Prostatisme

1.1.7 Serologie

1.1.8 Fungi

1.1.9 Predisponerende faktore

1.1.10 Postpartum bloeding

(10 × 2) (20)

1.2 Gee die korrekte mediese term vir die volgende:

1.2.1 Die studie van selle

1.2.2 Aangebore siektes

1.2.3 As inflammasie of siekte oor 'n lang tydperk strek

1.2.4 Ontsteking van die kleppe van die hart

1.2.5 Pynlike spasmas van die miokardium

1.2.6 Die hart klop te vinnig

1.2.7 Bloedbraking

1.2.8 Inflammasie van die serebrum en rugmurg

1.2.9 Net een liggaamsdeel bv. gesig of arm is verlam

1.2.10 Pyn kom nie voor in die aangetasde orgaan nie

(10 × 2) (20)
[40]

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B

VRAAG 2

Bespreek die volgende siektetoestande:

2.1 Piëmie

2.2 Patente duktus arteriosus

2.3 Kongestiewe hartversaking

2.4 Herpes zoster

(4 × 5) **[20]**

VRAAG 3

3.1 Noem DRIE tipes wurms wat inwendig in die mens kan lewe. (3)

3.2 Skrywe kort aantekeninge oor virusse. (7)

3.3 Waarop basseer 'n dokter sy beste 'raaiskoot' ('best guess'). (6)

3.4 Wat is die rol van die sekretaresse met die voorskryf van antibiotika aan 'n pasiënt? (4)

[20]

VRAAG 4

Gee 'n kort beskrywing van elk van die volgende:

4.1 Dismenoree (3)

4.2 Postmenopousale bloeding (3)

4.3 Grandè multipara (3)

4.4 Stuitligging (3)

4.5 Lochia (3)

4.6 Septiese miskraam (3)

4.7 Totale histerektomie (2)

[20]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5

5.1 Noem die verskillende tipes klinieke wat in ons land voorkom. (5)

5.2 Watter faktore moet sorgvuldig dopgehou word om die ontstaan en verspreiding van siektes in 'n gemeenskap te voorkom. (6)

5.3 Noem VYF siektes waarteen in landsbelang gewaak moet word. (5)

5.4 Gee 'n kort beskrywing van *waterpokkies*. (4)
[20]

TOTAAL AFDELING B: 60
GRAAND TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou